

Maandag

Geloofsgehoorsaamheid 08 Mat. 16: 21 – 24; Mat. 5: 17 – 21, 27,28, 31,32, 38, 39, 48; 15: 8 – 9. Teks Mat. 5: 48 "Wees dus volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is" Tema: "Christus dra die kruis van ons sonde sodat ons die kruis kan dra om God en ons naaste voluit lief te hê." Om jou kruis te dra, is nog 'n nuwe manier om God se Gebooie te gehoorsaam deur jou geloof in Christus se lyding vir jou sonde. Christus kondig in Mat. 16 vir die eerste keer aan dat Hy vir sy dissipels se sondes gaan ly en uit die dood uit opstaan. Volgens die Matteus evangelie het die Here dit drie keer spesifiek aangekondig terwyl hulle op pad was na Jerusalem. In die derde aankondiging in Matteus 20: 17 – 19 het die Here uitdruklik gestel dat Hy aan die heidene oorgelewer gaan word, om bespot, gezesel en gekruisig te word, en om dan op die derde dag uit die dood uit op te staan. Met hierdie aankondiging stel die Here vir sy dissipels dat Hy vir hulle gekruisig gaan word. Omdat Hy dan vir hulle gekruisig gaan word, moet hulle dan hulle kruis opneem. Hier het ons nou twee heeltemal verskillende soorte kruise! Die kruis wat die Here opneem én die kruis wat sy dissipels moet opneem. Die kruis wat die Here opneem is om vir hulle sondes vervloek te word. Die kruis wat hulle moet opneem is gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie. Kruis opneem is die uitdrukking waarmee die Here wys dat sy kruisiging hulle tot 'n nuwe tipe gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie gaan verbind. Dit is totaal anders as wanneer hulle die vloek van God vir hulle eie ongehoorsaamheid aan die wet moet dra. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Geloofsgehoorsaamheid 08 Mat. 16: 21 – 24; Mat. 5: 17 – 21, 27,28, 31,32, 38, 39, 48; 15: 8 – 9. Teks Mat. 5: 48 "Wees dus volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is" Tema: "Christus dra die kruis van ons sonde sodat ons die kruis kan dra om God en ons naaste voluit lief te hê." Christus wys in Mat. 5: 17 en 20 wat is sy kruis en wat is ons kruis. Die Here se kruis is dat Hy "gekom het". Dit is die woorde wat wys dat Hy vir ons sonde kom ly het, bespot was, gezesel was, gekruisig was, gesterf het en uit die dood uit opgestaan het. Mat. 20: 17-19. Deur só na ons toe te kom, het die Here nie die Tien Gebooie afgeskaf nie, maar hulle volle betekenis gegee in die lewe van gelowiges. Deur sy kruis maak die Here God die Vader se liefde vir gelowiges volkome. Sy kruis laat hulle in die Vader se volkome liefde, genade, barmhartigheid en goedheid leef. Met sy kruis herstel Christus die wet se bedoeling: die wet wys God se kinders hoe om in sy volkome liefde te leef. Sy wet was nooit bedoel om sy kinders te straf en te veroordeel nie. Die kruis wat ons moet dra stel die Here só: Ons geregtigheid moet aansienlik meer wees, as die geregtigheid van die skrifkenners en Fariseërs. (DAV) "Om meer reg te wees" as Jode beteken nie dat ons meer reg moet doen as hulle nie. Fariseërs is die geestelikes wat die meeste reg doen om reg te wees. "Meer reg wees" beteken om deur Christus reg gemaak te wees, nie om meer reg te doen as Fariseërs nie. Christene weet dat hulle volkome reg gemaak is en vir God reg gehou word deur ingesluit en deel te wees van Christus se geregtigheid. Mat. 3:15. Daarom beteken "om meer reg te wees" as Fariseërs om in die geloof te leef dat jy deel is van Christus se geregtigheid, en

daarom volkome reg is en reg leef vir God in jou eenheid met Christus. Wie leef in die geloof dat hy volkome reg is vir God, verbind homself aan die volle bedoeling van die Tien Gebooie – om ten volle lief te hê soos die Tien Gebooie wys wat regte liefde regtig is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Geloofsgehoorsaamheid 08 Mat. 16: 21 – 24; Mat. 5: 17 – 21, 27, 28, 31, 32, 38, 39, 48; 15: 8 – 9. Teks Mat. 5: 48 “Wees dus volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is” Tema: “Christus dra die kruis van ons sonde sodat ons die kruis kan dra om God en ons naaste voluit lief te hê.” Gelowiges het God voluit lief volgens die hele Tien Gebooie. Dit is die kruis wat hulle dra. Dit werk soos met eerstespan rugby. Vanaf bulletjierugby sien ’n mens ’n seun se nuk en geit: hy skop wanneer hy moet uit gee! Dit is hoe hy bulletjie-rugby speel, hoe hy eendag vir die hoërskool se eerste span speel en hoe hy later selfs vir die Springbokke speel: met hierdie nuk en geit om die bal weg te skop wanneer hy dit moet uitgee. Met hierdie nuk en geit, speel hy vandat hy bulletjierugby speel, sy volle hart uit, en elke keer wanneer hy op die veld draf, dan doen hy dit met die vasberadenheid dat hy vandag geen fout gaan maak nie, oor sy nuk en geit gaan kom en al die regte reëls sal volg sodat hy die beste spel vir sy span kan speel. Want dit is net ’n mens se houding wanneer jy eerstespan speel. Dit is jou eer en jou trots om voluit met vasberadenheid sonder jou nuk alles reg te doen. Die kruis wat Christus vir ons dra máák ons God se eerstespan spelers. God se woede, kwaadheid en grimmigheid vir daardie nukke en geite waarmee ons altyd dieselfde sondes oor en oor doen, dáárdie vloek het Jesus met sy kruis gedra, en dit vir ons heeltemal weggevat. (Gal. 3: 13, 14) Só maak God ons deel van die seëninge van sy Gees: sy volkome liefde, genade, barmhartigheid en sy volkome goedheid elke dag, die hele dag - al sukkel ons altyd met ons sondige nukke! So is en bly ons met ons sondige nukke God se eerstespanspelers. Só maak Christus se kruis dat ons, ons kruis dra: ons het God elke dag voluit volgens die regte bedoeling van sy wet lief, want ons weet Christus maak en hou ons in God se eerste liefde waarin ons sy eerstespanspelers is. (1 Joh. 4:19) Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Geloofsgehoorsaamheid 08 Mat. 16: 21 – 24; Mat. 5: 17 – 21, 27, 28, 31, 32, 38, 39, 48; 15: 8 – 9. Teks Mat. 5: 48 “Wees dus volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is” Tema: “Christus dra die kruis van ons sonde sodat ons die kruis kan dra om God en ons naaste voluit lief te hê.” En dan is daar iets soos die wynspan! Wynspanrugby is jongmense op universiteite en kolleges wat die kruis wil dra dat hulle met hulle nukke en geite, nooit eerstespan rugby kan speel nie, en daarom speel hulle net rugby vir die lekker, om snaaks te wees en om na die tyd te gaan kuier. Dit werk só: Vrydagaand roep die sameroeper: “wie gaan vanaand vir die wynspan speel?” Dan kom almal wat niks te doen het nie, net lus is vir kuier en hulle gaan speel wynspanrugby! Hoe speel hulle? Vertonerig, vermaaklik en kragdadig. Elkeen wat die bal kry, wys vertonerig hoe baldadig hy kraglopies kan uitvoer, en is terselfdertyd

sommer self die skeidsregter, en maak sommer sy eie besluite en reëls op soos dit pas by sy vertonerige kraglopies. Niemand speel regte rugby voluit nie, want hulle speel sommer net vir die lekker: lekker kragvertonings, lekker vertonerig en vir die lekker kuier na die tyd. Dit is wat die Here uitwys in die Bergrede (Mat. 5: 21-48): die skrifgeleerdes en Fariseërs, die geestelikes van hierdie wêreld, maak hulle self God se wynspankerk. Hulle is mense wat die kruis wil dra dat hulle te sleg is vir die eerstespan, omdat hulle nie die kruis wil dra om met God die lewe volgens die regte lewensreëls voluit te leef nie. Hulle maak godsdiens geestelikheid! Gebed, liefde en diens is sommer net vertonerige kraglopies terwyl hulle sommer hul eie reëls opmaak. Godsdiens vir die lekker en geestelike gekuier daarvan! In die Bergrede wys die Here hoe hulle wat die kruis dra dat hulle te sleg is om God voluit lief te hê, volgens die regte bedoeling van liefde, sommer hulle eie reëls vir hulle vertonerige en baldadige geestelikheid opmaak. Preek beskikbaar op Google by ngekrklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Geloofsgehoorsaamheid 08 Mat. 16: 21 – 24; Mat. 5: 17 – 21, 27, 28, 31, 32, 38, 39, 48; 15: 8 – 9. Teks Mat. 5: 48 "Wees dus volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is" Tema: "Christus dra die kruis van ons sonde sodat ons die kruis kan dra om God en ons naaste voluit lief te hê." Wil ons met net lekker geestelikheid besig wees, of wil ons met al ons sondige nukke en geite sukkel met regte liefde? Ons as gelowiges wil sukkel met die regte bedoeling van liefde volgens God se wet! Ons wil hierdie kruis dra want ons leef in God se volle liefde deur die kruis wat Christus dra: die vernedering van ons sonde. Geestelikes wil Jesus se kruis dra dat jy te sleg vir God is en dat jy jou eie sondeskuld, sondeoordeel, sondevloek en die verwerping van jou eie sondigheid moet dra. Dit doen hulle omdat hulle nie die kruis wat die Here op gelowiges plaas, wil dra nie. Hulle wil nie sukkel met regte liefde nie, maar wil sommer net lekker geestelik, baldadig, vertonerig en kragdadig wees. Hierdie lekker geestelikheid wat nie meer sukkel met regte liefde nie, word vandag deur geestelike leiers bedryf in die Naam van Jesus. Hulle maak van die kruis wat Jesus gedra het, sy lyding en sterwe, die nuwe maklike wet van God. Jy moet volgens hulle met jouself doen, wat Jesus met Homself in sy lyding en opstanding gedoen het. Jy moet eers jouself kamstig soos Jesus met sy kruis minag, verneder, verkleineer en ontken. Daarna is jy vry van die Tien Gebooie, en moet jy net so innig, so passief, so pateties, so grensloos, so akkommoderend en so identiteitsloos soos die "Jesus" wat hulle verkondig. Dis dan die nuwe maklike manier van liefde wat die gesukkel met die wet van God vervang. Deur "Jesus" se kruis te dra, hoef jy nie meer jou kruis te dra om die volle bedoeling van liefde volgens God se wet, voluit te onderhou nie. Alles wat jy nou doen, is net om lekker geestelik met God te wees. Só dra geestelikes Jesus se kruis omdat hulle nie hulle eie kruis wil dra nie. Preek beskikbaar op Google by ngekrklevubu.co.za Ds. Petrus.